

28 Oktober

Skrifgedeelte: Jakobus 1:2-8 (OAV)  
Fokusgedeelte: Jakobus 1:5

### Beproewing en gebed: God se middele tot geestelike volwassenheid

Hoe dikwels kla ons nie oor beproewinge wat op ons pad kom nie. En dan vergeet ons dat God ons juis daardeur tot volmaaktheid wil lei. Soos die volk Israel, kla ons en ons murmureer oor ons moeite en ons sien Hom en sy hand wat gee nie meer raak nie. God se wil vir jou lewe is egter anders as moeite en gesug. Hy eis nie 'n lewe van middelmatigheid nie, maar van volkomenheid.

Hy gee saam met hierdie eis ook twee middele om tot volkomenheid te kom. Dit is die middele van beproewing en gebed. Wees daarom baie bly oor die beproewing wat jy beleef. Maak gebruik van gebed, deur sonder terughoudendheid van God te vra wat jy nodig het in jou beproewing.

Onthou: Hy gee ook sonder terughoudendheid in antwoord op die gebed vol vertroue. Of dit daarom wysheid is wat by jou ontbreek, of geduld, of gehoorsaamheid, vra dit met vrymoedigheid en vertroue van God wat gee sonder om te verwyf.

Hoe opmerklik is dit nie dat God juis hulle wat vrymoedig hulle nood voor Hom bring en daarmee hulle vertroue op Hom alleen bevestig, die standvastiges in hierdie lewe maak nie!

Mag hierdie proses van groei tot volkomenheid in ons elkeen se lewe voltrek word. Mag dit ook u ervaring wees dat God u deur loutering en die gebede wat juis in daardie tye van druk weerklink, lei tot

- eestelike ryphed en volwassenheid in ons woorde en dade; g
- eestelike gesondheid, wat ons heel maak en nie uit mekaar laat val onder druk nie; g
- n tot geestelike vergenoegdheid, of tevredenheid met ons omstandighede. e

*Sing: Psalm 73:1, 11 (1936)*

*Ds. BC Smit (Pretoria-Meintjeskop)*